NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 22 - Januarie 2009

Só vorder dit by Opti Chicks

Die vestiging van Opti Chicks, NWK se dagoud-braaikuikenbedryf, is volstoom aan die gang en volgens Jaco Viljoen (bestuurder: Opti Chicks) verloop die projek volgens skedule.

Met die ter perse gaan van *NWK Koördinaat* was die eerste perseel van drie hoenderhuise, waar die kuikens grootgemaak gaan word, reeds 80% voltooi. Die eerste kuikens kan, volgens beplanning, in Februarie vanjaar ontvang word.

Broeiery

In Desember verlede jaar is daar reeds met grondwerke by die broeiery by die skouterrein op Lichtenburg begin. Na verwagting sal daar in Januarie met die konstruksiewerk begin word.

Konstruksiewerk vorder fluks aan die oprigting van die grootmaak- en lê-eenhede.

Op 20 Oktober is 'n amptelike sooispit geleentheid by die grootmaak- en lê-aanleg in die Boschpoort-omgewing gehou. Heinrich Krüger (voorsitter: NWK) het die eerste sooi gespit terwyl Danie Marais (besturende direkteur, links) en van die ander direkteure, Erik Nel en Lemmer Vermooten, hom ondersteun. Die direksie was dié dag ook op 'n uitstappie na 'n broeiery by Potchefstroom om eerstehands te sien hoe dié bedryf werk.

AFTELLING NA 100STE VERJAARSDAG TEEN DRUKTYD: 3 MAANDE 3 WEKE EN 3 DAE

Aftelling na NWK-verjaarsdag begin

Op 4 Mei vanjaar vier NWK sy 100ste verjaarsdag. Volgens Johan Bezuidenhout (bestuurder: Korporatiewe Bemarking) sal daar dwarsdeur die jaar gefokus word op die vieringe en twee groot funksies word vir die verjaarsdagweek beplan.

Op Maandag, 4 Mei word 'n banket vir NWK klante by die Mmabatho Convention Centre beplan, met Navi Redd as gaskunstenaars. 'n Verskaffersfunksie aan die Rand sal Vrydag, 8 Mei volg.

'n Koffietafelboek, wat 'n vlugtige terugblik oor die afgelope 100 jaar gee, gaan ook die lig sien.

100 1909-2009
U tevredenheid is ons trots

Ken jou handelsmerk

Noordfed het begin verlede jaar hulle nuwe Superior hondekos-reeks bekend gestel, wat kwaliteit bestanddele bevat: Omega 3 en 6, L-Carnitine, proteïen, vitamien C en rys. Die bestanddele sorg vir hoëgehalte voeding en goeie algehele kondisie by honde. Die Superior hondekos-reeks bestaan uit Puppy (1,75 kg en 4 kg verpakkings), Small Adult (4 kg en 8 kg verpakkings) en Adult en Professional (8 kg en 20 kg verpakkings). Die 1,75 kg en 4 kg verpakking het 'n zip lock sodat jy die pak tydens gebruik kan herseël. Al die pakke het 'n foelie binnelaag wat help om die kos langer vars te hou. Dit is beskikbaar by NWK se handelswinkels, asook Pick n Pay Hipermarkte landswyd.

Nuwe tegnologie nou in gebruik

Noordwes Voere het 'n nuwe naverpilling-toedieningstoestel by hulle aanleg op Lichtenburg geïnstalleer en dit behoort in Januarie operasioneel te wees.

Volgens John Veenstra (tegniese bestuurder: Noordwes Voere) is dit die nuutste tegnologie wat in die veevoerbedryf vir dié doel beskikbaar is en die eerste van hierdie Andritz toestelle wat in Suid-Afrika opgerig is. Dit beskik oor 'n aantal unieke eienskappe en is reeds deeglik in Europa getoets.

"Die nuwe toestel stel ons in staat om olie toe te dien op reeds vervaardigde braaikuikenpille. Sodoende verbeter dit die pilkwaliteit en laat toe dat verhoogde energievlakke in die voer gebruik kan word. Die toestel kan ook gebruik word om hittesensitiewe ensieme toe te dien indien nodig.

"Die gebruik van hierdie tegnologie lei daartoe dat ons die rantsoene in die toekoms verder kan verbeter om by die veranderde genetika van die braaikuikens

Die geoutomatiseerde mikrovloeistoftoediener. Dié sisteem kan vloeistof toedien teen 0 ml tot 125 ml (0% tot 0,0125%) per ton voer.

aan te pas en beter in die kuikens se behoeftes te kan voorsien," verduidelik John.

Die sisteem beskik oor 'n hoogs gesofistikeerde stelsel wat die fisiese vloeitempo van die voer deur die sisteem bepaal en gebruik 'n kombinasie van drie tegnieke om die akkuraatheid te verkry.

Finansies

Aandelenuus

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Oktober tot 30 November 2008 verhandel:

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
35 974	R3,75
50 000	R3,90
20 000	R4,00
7 000	R4,05
1 000	R4,15
84 751	R4,35
198 725	

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
13 319	R2,90
16 002	R2,93
71 744	R2,96
101 065	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1159/1089/1160 skakel.

Personeel skuif agter boeke in

Dit is vir NWK belangrik om sy personeel op 'n deurlopende basis die geleentheid te bied om kursusse en ander opleidingsgeleenthede by te woon.

Volgens Dennis Coetzee (assistent bestuurder: Opleiding en Ontwikkeling) het NWK 'n besige opleidingsjaar agter die blad. Van die kursusse wat onlangs aangebied is, is leerskappe in die Graandienstedepartement, waar 14 personeellede tans besig is met die nasionale sertifikaat op NQF Vlak 1 Graanhantering.

"Tot dusver het almal al die modules met groot sukses geslaag en hulle is tans besig met die oorblywende modules om die kursus einde Maart te voltooi," vertel hy.

ABET (Geletterdheidsopleiding)

Die opvolg ABET-groep wat in 2007 begin het, se tweede gedeelte is in November 2008 voltooi – hulle is opgelei in lees- en skryfvaardighede (vlak 1).

NWK, as deel van dié sosiale verantwoordelikheidsprojek, het in Desember 2008, 34 gemeenskapslede van Lichtenburg vir hul ABET-geletterdheidsvlak getoets. 20 persone sal in die groep ingesluit word en vir drie maande klas loop.

Risikobestuur

Risikobestuur is vir NWK van uiterste belang. Soos in die verlede is 'n veiligheidtoesighouerskursus by NWK Hoofkantoor aangebied. Die kursus, wat oor drie dae gestrek het, het gehandel oor basiese toesighouersvaardighede en fisiese veiligheidsaspekte in die werksplek rakende elektrisiteit, werkspermitte en veiligheidstoerusting. Die deelnemers het op die laaste dag van die kursus eksamen geskryf en ontvang hul sertifikate nadat 'n praktiese werkstuk, wat 30 dae na afloop van die kursus ingehandig moes word, geassesseer is.

Kredietversekering – die finansierder se gemoedsrus

Onthou hiervan

Die reënseisoen is op hande – instandhouding van jou huis se dak is van kardinale belang. Maak seker dat die geute en kiel (*valleys*) skoon is van die herfsseisoen se blare.

Finansieringsinstansies, soos NWK se Kredietdepartement, word blootgestel aan groot verliese sou 'n lener tot sterwe kom.

"Dit kan dalk wees dat die lener nie oor voldoende bates beskik om al die skuldeisers se eise te ontmoet nie. Om hierdie probleem te oorkom, maak finansieringsinstansies gebruik van kredietversekering om hul risiko te verskans. Hierdie dekking tree egter slegs in werking by die dood van 'n versekerde lewe," verduidelik Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering.

Kredietversekeringsproduk

NWK vereis sekuriteit vir enige uitstaande skulde van 'n debiteur. Die kredietversekeringsproduk voorsien ideaal in beide die debiteur en NWK se behoeftes. Debiteure kan ook persoonlike lewenspolisse vir sekuriteit aanbied. Die dekkingsbedrag op hierdie polisse moet egter voldoende wees om die skuldbedrag te dek.

Die dekking in terme van die NWK Kredietversekeringspolis is egter beperk tot R2 miljoen.

Alle debiteure van die polis-eienaar (NWK) kwalifiseer vir dekking in terme van die NWK Kredietversekeringskema, onderhewig aan:

Kwalifiserende vereiste

- Individue wat 'n debiteur van NWK is.
- Betrokkenes/lede van elke maatskappy, vennootskap, beslote korporasie of trust wat 'n debiteur van NWK is.

Kwalifiserende ouderdom

- Nuwe lede – beperk tot ouderdom 65 by intrede.
- Alle persone tussen 18 en 70 wat van krediet van NWK gebruik maak.

Staking van dekking

- Bereiking van ouderdom van 70 jaar.
- By dood van die versekerde lewe (nie van toepassing op maatskappye, vennootskappe, beslote korporasies of trusts nie).

"Aangesien hierdie 'n groepskemaversekering is en alle debiteure vir deelname kwalifiseer sonder bewys van gesondheid, is dit ook so dat die premie duurder word hoe ouer jy word," het Daan Hugo (Versekeringsbestuurder) gesê.

Namate die versekerde ouer word, styg die tariewe in intervalle vanaf R0,26/R1 000 dekking tot ouderdom 40 jaar na R4,40/R1 000 dekking vanaf 66-jarige ouderdom.

Omsettingsopsie

Willie beveel egter aan dat 'n debiteur van NWK van die opsie gebruik moet maak om sy kredietversekering om te skakel na 'n permanente polis teen baie kompeterende premies.

Voordele van só 'n polis is onder andere dat die premie dieselfde bly vir die res van die debiteur se lewe asook dat dekking nie op die ouderdom van 70 jaar gestaak word nie.

Meer besonderhede oor hierdie opsie is beskikbaar by jou naaste NWK versekeringsadviseur.

Insetkosteversekering vereis verslagdoening

Die plantseisoen is verby en Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) herinner produsente wat van inset- of multirisikoversekering gebruik maak, dat hul verantwoordelikheid nou eers begin.

"Produsente moet onthou om hul adviseur onmiddellik in kennis te stel sodra die gewas opkom. Dit is 'n vereiste van hierdie risikobestuursprodukt dat 'n opkomsverslag voltooi en aan die versekeraar voorsien moet word alvorens die insetversekeringsbeen in werking tree. Haeldekking is egter van opkoms af van krag," het Willie gesê. Produsente hoef dus nie bekommerd te wees oor hael nie.

Produsente word ook herinner om moontlike skade as gevolg van droogte of oormaat reën onmiddellik by hul naaste adviseur aan te meld.

"Ons gebed vir al ons produsente is steeds 'n normale seisoen en goeie oes," het Willie gesê.

Loer in by Mastercar

Het jy vanjaar 'n student in die huis en is op soek na 'n betroubare, bekostigbare motor? Of wil jy vir jou vrou 'n ander motor aanskaf? Maak gerus 'n draai by Noordwes VW se tweedehandse motorafdeling, Mastercar, in Nelson Mandelary-laan, Lichtenburg. Die vloot bestaan uit 'n aantal goedopgepaste motors – iets vir elkeen se smaak en sak.

Johan Verwey sê totsiens

Johan Verwey (bestuurder: Bemesting en Saad), het einde Desember afgetree.

Jare terug, as landboukundige by Omnia Kunsmis, het hy gehelp om vloeibare kunsmis 'n vastrapplek in Suid-Afrika te gee. Hy het hom in 1985 as assistenthoofbestuurder by Noordwes Koöperasie (nou NWK Beperk) aangesluit en een van sy take was om 'n kunsmisbemarkingdepartement tot stand te bring.

Vanaf 1999 hanteer hy die vloeibare kunsmisfabriek en spits hom toe op die produksie van vloeibare kunsmis en die opgradering van die aanleg. In 2002 word die Saadafdeling ook sy verantwoordelikheid.

Die omskakeling van 'n produksie-eenheid in die Sensako-stal na 'n volwaardige handelseenheid wat op sy eie bene staan, was 'n groot uitdaging vir Johan.

Wat hou die toekoms vir hom in?

"So tussen die byeboerdery en houtwerk deur, behoort ek myself besig te kan hou. As 'n produsent (of NWK) raad nodig het waarmee ek moontlik kan help, sal ek nie nee sê nie," het Johan gesê.

Johan Verwey

Vakleerlinge sorg vir kontinuïteit

NWK Meganisasie se opleidingsprogram vir vakleerlinge is goed op dreef en nog vyf poste is vir die nuwe jaar goedgekeur.

Volgens Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) wil hulle hierdeur verseker dat daar deurlopend opgeleide vakmanne in diens van NWK is om aan klante se behoeftes te voldoen. "Sover gaan dit baie goed met die opleidingsprogram. Ons beplan om op 'n meer gereelde basis onderhoude met die vakleerlinge en hul mentors te voer om hulle vordering te bepaal," het hy gesê.

Tans is vier vakleerlinge in opleiding – een pos is vakant nadat 'n vakleerling in 'n ongeluk oorlede is. Die vyf nuwe poste is reeds geadverteer en onderhoude word tans gevoer.

Ken jou winkelbestuurder

– 5 feite oor Peet Meyer

Peet Meyer Lichtenburg

1. Petrus Cornelius Meyer (noemnaam Peet) is sedert 2000 die bestuurder by Lichtenburg handelswinkel.
2. Hy is 'n gebore en getoë Lichtenburger; getroud met Anel (werksaam by Graandienste Hoofkantoor) en hulle het 'n seun, PC.
3. Peet het as toonbankklerk in 1989 by Lichtenburg handelswinkel begin werk; in begin 1993 is hy bevorder tot afloswinkelbestuurder. Einde 1993 word hy bevorder tot assistentbestuurder by Delareyville en in 1995 word hy bestuurder by Biesiesvlei handelswinkel. In 1998 begin hy as bestuurder by Coligny handelswinkel, waarna hy in 2000 hakke inskop by Lichtenburg handelswinkel.
4. Lichtenburg handelswinkel is NWK Handel se vlagskip en hulle spesialiseer in besproeiing – vanaf dienverskaffing tot die oprigting van spilpunte. Hulle het verlede jaar ook 'n nuwe veevoerstoor aangebou, asook 'n ContiPartner bandeplek en Battery Centre geopen. Buiten 'n groot reeks kruideniersware en 'n landbougedeelte, verkoop hulle ook ammunisie en jagtoerusting.
5. Hy is baie opgewonde oor die LandMark konsep en glo dat dienslewering hierdeur nog meer gaan verbeter.

"Buiten dat die uitleg wat gaan verander 'n beter koopervaring gaan skep, bied dit ook 'n groter reeks produkte aan klante. Die ekstra spasie wat deur die nuwe uitleg beskikbaar is, kan beter benut word vir produkuitstallings," het hy gesê.

Inligting dadelik beskikbaar

NWK Meganisasie se heelgoederebemarkers spog nou elkeen met 'n skootrekenaar.

"Ons wil die tegnologie wat tot ons beskikking is ook nader aan ons klante bring," het Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) gesê. "Ons kan nou byvoorbeeld 'n DVD van die trekker of toerusting se werkverrigting vir die produsent op sy plaas wys. Die pamflette met die spesifieke trekker of toerusting se spesifikasies is ook elektronies beskikbaar.

"Met e-pos fasiliteite het die bemarker ook die jongste inligting en spesiale promosies dadelik byderhand. Ons kan nou net soveel vinniger en makliker inligting vir ons klante gee. Kwotasies en bestellings kan nou ook per e-pos gedoen word," vertel Piet.

Nuwe menger by Vloeibaar in gebruik

Die nuwe menger by die Vloeibare Kunsmis-aanleg is in November verlede jaar in gebruik geneem. Dit sal spesifiek aangewend word vir die meng van plant- en topbemesting asook suspensies. Die produksiekapasiteit van die menger is verhoog van 8 ton tot 18 ton.

Nou ook bemestingsadviseur

Maryke Reichel (Vloeibare Kunsmis) het gedurende September haar BASOS-eksamen geslaag. Die kursus word aangebied onder die beskerming van die Misstofvereniging van Suid-Afrika.

Dit dek die totale kunsmisbedryf in Suid-Afrika, asook grondkunde, plantkunde, kalibrasies en bemestingsaanbevelings.

As bemestingadviseur kan sy in die toekoms baie bydra tot die kundigheid by die fabriek.

Wat gebeur by NWK Handel?

Koop nou en bespaar

Wil jy jou trekkervloot voor einde Februarie uitbrei of vervang? Gou spring, want die ou voorraad middelslag trekkers is by NWK teen billike pryse beskikbaar voor die effek van die swak rand in werking tree. Nuwe voorraad kan tot 35% meer kos.

Dit woel en werskaf in die Handelsdepartement en verskeie projekte word vir die nuwe jaar beplan en aangepak:

LandMark

Die LandMark winkel op Grootpan is einde verlede jaar afgehandel en klante kan nou uitsien na 'n nuwe inkopie-ervaring by dié NWK handelswinkel. Konstruksiewerk aan die Lichtenburg handelswinkel, om dit na 'n LandMark winkel om te skakel, behoort in Januarie af te skop.

Van die veranderinge wat aangebring gaan word, is byvoorbeeld die verskuiwings van die winkel se ingang asook die besproeiingsafdeling. Klante se geduld word gevra met die breek- en bouproses.

Zeerust OK Value

Die grond- en konstruksiewerk by Zeerust OK Value is in volle swang. Volgens Hans Maree (handelsbestuurder: Aankope) sal die winkel in fases voltooi word – eerstens gaan die stoor voltooi word en daarna sal aan die winkel verander word. Verkope sal gedurende dié tyd vanuit die stoor gedoen word.

Total Swartruggens

Die bestaande Total pompe en rybaan by die Swartruggens handelswinkel gaan opgegradeer word en die beplanning is om in Januarie met die konstruksiewerk te begin.

Pitstop

Kyk uit vir die Pitstop kafees by NWK Handel se rybane. Hulle gaan eersdaags 'n nuwe (onder)baadjie aantrek: die winkels gaan binne oorgedoen en vernuwe word.

Voorraadopnames voor die deur

Die jaarlikse voorraadopnames by NWK se bedryfspunte word weer vroeg in die nuwe jaar gedoen. Die voorraadopnames by handelswinkels begin vroegoggend en die deure sal vir besigheid open sodra die opname afgehandel is. In geval van nood, sal klante gehelp word.

Die beplande datums is soos volg:

Datum	Bedryfspunt
2009/01/08	Boons handelswinkel
2009/01/10	Koster handelswinkel
	Koster Pitstop
	Koster Bande
	Koster Rybaan
2009/01/12	Econobuild Mafikeng
2009/01/13	Buhrmannsdrif handelswinkel
2009/01/15	Delareyville Meganisasie
2009/01/17	Lichtenburg handelswinkel
2009/01/19	Ekonokoop Zeerust
2009/01/20	Ottosdal handelswinkel
	NWK Dienste
	Ottosdal Meganisasie
2009/01/21	Boschpoort handelswinkel
2009/01/22	Mareetsane handelswinkel
	Nooitgedacht handelswinkel
2009/01/22	Mareetsane Meganisasie
2009/01/26	Delareyville handelswinkel
2009/01/26	Delareyville Rybaan
	Rostrataville handelswinkel
2009/01/27	Koster Meganisasie
2009/01/29	Sannieshof Meganisasie
2009/02/02	Econobuild Lichtenburg
	Sannieshof graansilo
	Biesiesvlei graansilo
	Lottiehalte graansilo
	Silo 3
	Delareyville graansilo
	Bodenstein graansilo
	Halfpad graansilo
	Mareetsane graansilo
	Hibernia graansilo
	Lusthof graansilo
2009/02/04	Gerdau graansilo
	Oppaslaagte graansilo
	Koster graansilo
	Swartruggens graansilo
	Ottosdal graansilo
	Kleinharts graansilo
2009/02/05	Viljoenskroon Meganisasie
	Migdol graansilo
	Rostrataville graansilo
	Silo 5
	Coligny graansilo
	Barberspan graansilo
	Bossies graansilo
2009/02/06	Nooitgedacht graansilo
	Taaiboschpan graansilo
2009/02/06	Geysdorp graansilo
	Madibogo graansilo
	Vermaas graansilo
	Boschpoort graansilo
2009/02/07	Zeerust handelswinkel
	Zeerust Rybaan
2009/02/09	Coligny handelswinkel
	Coligny Super Shell
	Boons graansilo
	Syferbult graansilo
	Kameel graansilo
	Excelsior graansilo
	Blaauwbank graansilo
	Buhrmannsdrif graansilo
2009/02/10	Ventersdorp Meganisasie
	Grootpan 1 + 2 graansilo
	Derby graansilo
2009/02/12	Vergelegen handelswinkel
	Piet Plessis handelswinkel
	Lichtenburg Meganisasie
2009/02/13	Ingenieursdienste
2009/02/17	ATC
2009/02/23	Madibogo handelswinkel
2009/02/27	Noordwes VW
	NWK Vervoer
	Saadafdeling
2009/02/28	Noordfed
	NDP
	Noordwes Voere
2009/03/02	Epko

Genoeg koringsaad beskikbaar

'n Tekort aan koringsaad is die vorige seisoen ondervind weens 'n onderproduksie van saad.

Dr Francois Koekemoer en sy span het onlangs die koringbelange van Monsanto bekom en dit geherstruktureer in die nuwe Sensako.

Koringsaadproduksies gaan nou weer volstoom voort en volgens dr Koekemoer sal daar genoeg koringsaad beskikbaar wees vir die 2009-seisoen. Die Sensako-plaas op Bethlehem gaan voort met al sy bedrywighede.

Sensako het 'n nuwe dubbel-dwergkultivar vrygestel, naamlik SST 843. Dit sal reeds vir die 2009-seisoen beskikbaar wees. Enkele voordele van SST 843 is:

- Tien dae vroeër ryp as SST 822;
- Goeie stoelvermoë;
- Uitstekende skepel; en
- Uitstekende staanvermoë.

Saadproduksie van SST 843 word ook in NWK se bedieningsgebied op die plaas Houthaalbomen gedoen.

Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste) het 'n dringende beroep op koringprodusente gedoen om nie van hulle eie koringsaad terug te hou nie, maar wel gebruik te maak van die gesertifiseerde saad wat beskikbaar gaan wees vir die 2009-seisoen. "Dit verlaag nie net die risiko wat met siektes gepaardgaan nie, maar dit gee ook die gemoedsrus dat die saad nie van twyfelagtige kwaliteit is nie," het hy gesê.

Vir meer inligting, skakel NWK se Saadafdeling by (018) 632-3014.

Landbouwenke

Produsente moet gedurende Januarie en Februarie hieraan aandag gee:

Akkerbou

Sorg dat alle gewasse na opkoms op die ry skoon is om kompetisie vroeg in die gewasse se lewe te voorkom. Vir hierdie doel moet produsente seker maak dat hulle die onkruiddoderagente deeglik inlig oor die tipe onkruid wat op elke land voorkom sodat die regte onkruiddoder aanbeveel kan word.

'n Doeltreffende onkruidbeheerprogram vir die najaar is noodsaaklik om die kompetisie vir grondvog deur onkruid in die gewas se graanvullingstadium te beperk.

Waak daarteen om sonneblom te plant wanneer die grond se dagtemperatuur bo 35°C styg, aangesien dit opkoms negatief kan beïnvloed.

Later aanplantings wat in die middel van die somer plaasvind, ly dikwels hieronder. Indien aanplantings noodgedwonge nog in hierdie tyd van die seisoen moet plaasvind, moet die grondvogsituasie verkieslik baie gunstig wees.

Gereelde ondersoeke sal nou nodig wees in mielielande wat nie met 'n Bt-kultivar geplant is nie, om die voorkoms van stronkboorder te evalueer.

Sporadiese landmeterruspe-probleme (loopers) kan ook nou voorkom en lande moet gereeld vir skade deursoek word.

Veekunde

Die dekseisoen is in volle swang en in baie gevalle reeds verby. Maak seker die kondisie van die diere bly goed. Indien dit nie die geval is nie, kan ekstra produksielek aan die koeie en bulle gevoer word. Optilek Pro 20 werk uitstekend hiervoor.

Gedurende Februarie moet die versies wat Meimaand gespeen gaan word, teen BM met Stam 19 ingeënt word. Maak vooraf seker dat voldoende entstof beskikbaar is.

Weiding

Bepaal watter aangeplante weiding as staande hooi in die winter aangewend gaan word. Die benutting van hierdie kampe behoort gestaak te word sodat dit voldoende kan uitgroei.

Die laaste bemesting kan nou op die weiding uitgestrooi word.

Vir meer inligting, kontak Landboubestuursdienste by (018) 633-1145.

Sommige van NWK se personeel wat betrokke gaan wees by die projekbestuur saam met van die ontwikkelende produsente.

Hulp aan ontwikkelende produsente verder uitgebrei

NWK het vir die 2008/2009-seisoen sy hulpverlening aan ontwikkelende produsente, met die ondersteuning van die provinsiale regering, uitgebrei van die bestaande 23 produsente na sowat 86 produsente.

Verskeie van NWK se departemente is by die projekbestuur betrek en 'n multidissiplinêre span is verantwoordelik om die onderskeie vakdissiplines te bestuur.

Op 27 November verlede jaar het verskeie van die personeellede wat by die projek betrokke is, sowel as 'n groot groep van die produsente, op die plaas Lareystryd bymekaar gekom om die laaste van die vereiste papierwerk te voltooi.

Personeelsake

Eerste vergadering

Die eerste direksievergadering vir die nuwe jaar sal op Woensdag, 18 Februarie plaasvind.

Die volgende personeel is onlangs aangestel of bevorder:

Noordwes VW

Wimpie Cronje, 'n oud-Lichtenburger, is sedert November 2008 die nuwe handelaarshoof by Noordwes VW. Hy is aangestel in die plek van Louis Lange wat nou bestuurder: Lichtenburg Meganisasie is. Wimpie was vroeër verkoopsbestuurder by Lichtenburg Toyota.

NWK Versekeringsmakelaars

Susan Liebenberg, voorheen klerk: Versekering op Sannieshof, is met ingang 1 Desember 2008 bevorder tot adviseur. Sy bedien die portefeulje wat voorheen deur Jako Rousseau hanteer is. Daan Hugo (Versekeringsbestuurder) sê hy het volle vertroue in Susan en vertrou dat die Sannieshof-gemeenskap haar sal ondersteun.

Die Mareetsane-area sal voortaan deur **Willie Wilken** van Delareyville bedien word. Willie is 'n kundige op die gebied van landbouversekering.

Hendrina Lindeque is met ingang 1 Desember 2008 aangestel as klerk: Versekering op Sannieshof.

Sekretariaat

Petra Seymore, voorheen sekretaresse by Sekretariaat, is bevorder tot administratiewe beampte: Komiteesake. Sy sal steeds die aandeleverhandeling behartig.

Nicolene Burger is die nuwe sekretaresse en sal gedeeltelik by die aandelefunksie betrokke wees.

Graandienste

Jacques van Wyk (voorheen van Taaiboschpan silo) is aangestel as bestuurder by Vermaas silo.

Dawid Pretorius, wat voorheen by Vermaas silo was, is die nuwe silobestuurder by Gerdau.

Landboubestuursdienste

Theo Mol is as akkerboukundige aangestel en het hom in November 2008 by NWK aangesluit.

Opti Chicks

Chris Claassens is aangestel as grootmaakbestuurder: Opti Chicks en het op 1 November 2008 diens aanvaar.

Krediet

Francois de Kock (voorheen van TWK op Piet Retief) is aangestel in die plek van Jacques Zietsman (kredietbestuurder: Oos-streek). Jacques het NWK se diens einde November 2008 verlaat. Francois het op 15 Januarie by NWK begin werk.

Wimpie

Susan

Willie

Hendrina

Petra

Nicolene

Theo

Chris

Nuwe afdelingshoofde aangewys

Die Landboubestuursdienste-departement is onlangs geherstruktureer om die onderskeie vakdissiplines wat deur die departement bedien word, beter te groepeer. Daar is vier afdelings geskep:

Administrasie

Dié personeel rapporteer steeds direk aan die bestuurder: Landboubestuursdienste en is verantwoordelik vir die administratiewe ondersteuning van die departement. Dit behels die sekretariële, finansiële en argiveringsfunksies, sowel as ontvangs, kommunikasie, skakeling, koördinering van aktiwiteite en reëlings vir boeredae en ander openbare geleenthede waarby die departement betrokke is.

Adviesdienste

Die afdeling word aangevoer deur Michiel van Rooyen. Hy tree steeds as landbou-ekonoom op, maar is ook verantwoordelik om toe te sien dat al die dienste wat verband hou, soos diereproduksie, landbou-ekonomie, die bemarking en ondersteuning van sagteware vir die landbou, akkerbou en besproeiing, glad verloop.

Presisieboerdery

Martiens du Plessis hou die leisels hier vas. Die afdeling se verantwoordelikhede hou grootliks verband met dienste wat raakvlakke met die grond as hulpbron het, soos grondkartering, grondchemiese ruitmonsterneming en toepassings daarop, GPS-plaaskaarte, die Geografiese Inligtingstelsel, alle grondkundige en grondbewerkingsaspekte, sowel as die verspreiding van presisieboerderytoerusting en navorsingsaktiwiteite. Die afdeling is ook verantwoordelik vir NWK se aanplanting- en oesskattingsyfers in samewerking met die silopersoneel.

Ontwikkelende Landbou

Die afdeling staan onder leiding van Phillip Diutlwileng en is verantwoordelik vir die ondersteuning van 'n al hoe groter groep ontwikkelende produsente wat in NWK se bedieningsgebied opereer. Die ondersteuning behels die skakeling met insetverskaffers en finansierders, die koördinering van die verskaffing van insetmiddele, die opstel van produksieplanne saam met die produsent, sowel as deurlopende landboukundige ondersteuning en opleiding. Die meeste produsente word in spesifieke projekte hanteer, maar daar is ook reeds 'n aantal kommersiële produsente wat onafhanklik funksioneer en wat van die afdeling se personeel slegs op 'n *ad hoc*-basis konsulteer.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Jaco Viljoen

Om 'n nuwe besigheid van die grond af te kry, sit nie in elke man se broek nie. Jaco Viljoen (bestuurder: Opti Chicks) sal jou ure lank kan vertel oor die gespook met kontrakteurs en omgewingsimpakstudies. Hy laat hom egter nie sommer vasvra oor 'n braaikuiken nie en vir dié boerseun van Belfast bly sy nuwe pos 'n heerlike uitdaging.

Jaco Viljoen

NWK het aan die begin van verlede jaar aangekondig dat die maatskappy betrokke gaan raak in die voorsieningsketting van die braaikuikenbedryf. Jaco is aangestel as bestuurder van die projek. Hy is onder andere verantwoordelik vir die algemene bestuur van die besigheid en die vestiging daarvan.

Die projek verloop volgens skedule en NWK is tans in die proses om die grootmaak- en lê-aanleg en broeiery op te rig. Die vooruitsig is om teen begin Februarie die eerste kuikens te ontvang. (*Lees meer daaroor op bladsy 1*.)

Loopbaanpad

Jaco het BSc Landbou met vee- en weidingkunde as hoofvakke aan Tukkies studeer. Na sy studies het hy 'n groot kommersiële Brahman-, vleismerino- en braaikuikenboerdery op Standerton bestuur en self deeltyds geboer.

In 2004 het hy vir Earlybird Farm Olifantsfontein begin werk, waar hy produksiebestuurder van die braaikuikenafdeling was. Later was hy hoof van die teelplaasafdeling asook deel van die uitvoerende bestuurspan.

In middel Junie 2008 het hy sy loopbaanpad by NWK voortgesit.

Jaco is getroud met Lani (werksaam by NWK Korporatiewe Bemarking) en hulle het twee dogters, Mia en Cara.

Vir al jou drukwerk behoeftes...

Sit jy met jou hande in die hare oor drukwerk, fotostate of besigheidskaartjies? Maak gerus 'n draai by NWK se drukkery. Benewens die hantering van die NWK Groep se drukwerk, lewer hulle ook diens aan die publiek.

Hier kan jy van 'n gewone fotostaat tot volkleurdrukwerk laat doen. Alle tipe faktuur-, kwitansie- of werkkaartboeke, strooibiljette en plakkate, tot en met A2-grootte, kan hier gedruk word.

NWK Drukkery spog met van die nuutste en beste tegnologie en Lynette Verster (grafiese ontwerper) kan jou help met die ontwerp en uitleg daarvan. Besigheidskaartjies tot A3-grootte en foto's kan op die kleurfotostaatmasjiene gedruk word. Lamineerwerk tot A2-grootte kan ook gedoen word.

Die drukkery is by NWK se Hoofkantoor in Scholtzstraat, Lichtenburg geleë. Skakel Riaan Esterhuizen vir 'n kwotasie by (018) 633-1287.

Wen!

'n Gelukkige leser kan hierdie Cobb CoolCooker ter waarde van R500 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wanneer vier NWK sy 100ste verjaarsdag?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za.* Inskrywings moet haar voor of op **10 Februarie 2009** bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Anthony Mathews van Lichtenburg wat die *Salton Cappuccino maker* in die November kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers Lichtenburg behartig.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.